



AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL
AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOL



Stroom op

KERMIS!

Die kermis kom! Dit was voelbaar daar, in die praat, die lag en die kopkrap. Hierdie kermis moes net dié kermis van alle kermisse wees – buig of bars. Voorstelle is gedoen, aangeneem, verwerp en opnuut gedoen. Hoe samel 'n mens nou geld op 'n oorspronklike manier in as jy aan jou eie sakgeld al voel dat almal besig is om skroef aan te draai oor inflasie en die afwesigheid van die spreekwoordelike ekonomiese opswaai?

Na breinstormsessies is besluit op hondeskoue, kostuumparades en selfs 'n kruiswa-"derby" met die onderwyseresse as weddenswaardige (eerbiedwaardige?) jokkies en perde, en les bes 'n veiling van "hogemense" se ontbeerbare besittings, te hou.

Hier was nou vir jou 'n veiling soos min. Deur allerlei duistere metodes is 'n versameling bymekaar geskraap wat die afslaaers van die beroemde Sotheby's in Londen sou laat lus kry om by Affies "af te slaan": 'n rugby trui en kouse van Naas (Oe ta ta!) Botha en op die koop toe glansfoto's geteken deur die beminlike nimlike kým; 'n karatebaadjie van Eddie Dorey wat, as jy wakkerloop vir die babbelende afslaaer(ster) se brabbellinge, "tjop-tjop" jou eiendom kan word; 'n stukkie groen-en-goud (kouse) van Thys (Blou Bul Bo) Lourens; 'n T-hempie van die Duncan Faure van Rabbit-rumoer faam; Haas Das se strikdas met 'n briefie van hom daarby; Dana Niehaus se hemp in "'n Rand 'n Droom"; randnote uit die laaste reeks wat uitgegee sal word persoonlik geteken deur die president van die Reserwebank, dr. T.W. de Jongh; twee persoonlik-getekende plate van Gé (Hoor-my-lied) Korsten; 4 oorspronklike Butch Stoltz-

tekeninge uit die Haas Das-reeks en nog baie, baie meer.

En toe breek Kermis aan! En die menseskaar was daar: gereed om mandjiesvol pret en plesier te proe al kos dit nou 'n sent of meer. Luidkeels word al wat mens is gelok na die afslaaerslokaal (hokkieveld) om te bies vir die besit van Naas en kie se handelsware. Of jy nou gebie het of nie, daar was nou vir jou 'n aanskoue der aanskoulikhede. Liesbeth Meiring het met drama en melodrama die bieërs en nie-bieërs aan haar voete gehad. Die kwinkslae het die mense laat skater en voor ons weet wat, het die prysé begin styg, soveel so dat ons (8A) 'n ronde R300 aan harde kontant uiteindelik in die kermisbeursie kon stop.

En raai oor watter artikel was daar die drukste gebie? Toe Nasie se ligbroutrui onder die hamer kom, het menige hart opskop begin klop. Al wat Naas-bewonderaar was (en dit sluit Naas-bestaandes uit!) was daar byeen met Gé se hoor-my-lied in die hart en 'n rand of meer in die hand. Ag, dit was te aandoenlik vir woorde! Die meisies het toe en nou geweet wat Concordia beteken in Latyn: twee hartjies wat net eners klop-syne net soos mijn!



1977...

Dit voel soos gister toe ons die nuwejaar laggend en vol moed tegemoet gegaan het. Dit is al reeds weer laat in die jaar. Pretoria is die afgelope paar weke alreeds blou gekleed en orals val Jakarandabloeisel van die bome af. Dit was net gister toe die 1977 skooljaar begin het dit, voel vir my so.

Orals op die skoolterrein het mooi jong stander sessies vreemd en half verwilderd rondgestaan. Daar was 'n nuwe matriekklas. Die masjien het begin loop en ons is al weer besig om ons voor te berei vir die eindeksamens van 1977. Vergelding, verantwoording moet gedoen word!

As ons terugkyk was die jaar 1977 vol verrassings. Pretoria was kort-kort in die wêreldnuus. Die onluste wat verlede jaar in die swart woonbuurtes uitgebreek het, het weer met die hervatting van die nuwe skooljaar opnuut vlam gevat. Dit smeul nog steeds. In 1977 was dit skielik Bantoe-onderwys waarmee weggedoen moes word.

Te midde van al hierdie gebeure het alles hier op Affies sy normale gang gegaan. O ja! Voordat ek ver-

geet. Regoor ons skool is die nuwe Loftus Versveld luisterryk geopen.

War bly vir ons Affies oor? Ons moet net die oog op die toekoms hou, voor ons uitkyk en nie afwyk nie. Dit is duidelik dat daar in die toekoms van ons jongklomp nog baie gevra sal word. Dit is duidelik dat ons, ons sweet en bloed sal moet gee. Ons is lief vir hierdie land van ons, wat deur ons voorouers vir ons mak gemaak is.

Wat gaan die jaar 1978 vir ons inhou? Al wat ek weet is dat ons hier met 'n doel geplaas is. Nou moet ons daardie doel nastreef.

Voordat ons die einde van die jaar uitmekaar spat, groet en voorspoed. Mag dit met julle almal goed gaan. Mag julle lewe mooi wees.

Ronél Broodryk S19

Affies vier 'n 25-jarige Jubileum

Die baie bekende en beminde prinsipale van die Afrikaanse Hoër Meisieskool, mej. Agnes Holtzhausen het die 1ste Oktober haar geboortedag herdenk en daarmee saam ook haar 25-jarige jubileum aan die skool gevier.

Mej. Holtzhausen, beter bekend onder die Affies as "Blits", het aan die Vrystaatse Universiteit gestudeer. Sy het een van die tien M.A.-beurse in die hele land vir Latyn verwerf in 1946, asook die Kanseliersprys vir die beste tweetalige student in 1946. Gedurende haar M.A.-jaar het sy die tydelike pos as lektre waargeneem, toe die lektor oorsee was. Sy is ook al talle universiteitsposte aangebied.

In 1953 het mej. Holtzhausen die pos as onderwyseres in Latyn aan die Afrikaanse Hoër Meisieskool aanvaar. Sy is as die jongste visehoof aan die einde van 1955 aangestel. In 1964 het sy die prinsipale geword, toe die destydse prinsipale mej. E.C. Steyn in die Onderwysraad aangestel is.

Toe sy slegs twee jaar hoof was, is mej. Holtzhausen genader om aansoek te doen om die pos as in-

spektrise. Sy is ook 'n professoraat aangebied sonder om aansoek te doen, en later 'n vertalerspos teen dubbel die salaris wat sy as hoof sou verdien. Sy het jare lank Transvaal verteenwoordig op die Gemeenskaplike Matrikulasieraad, dien jare reeds in die Raad van Moderatore en vanaf 1964 op die Nasionale Beplanningskomitee vir Interne-eksamens. Sy is ook moderator vanaf 1964 vir eksterne Latyn. Sy dien in verskillende departementele komitees.

Haar stokperdjies behels onder meer skryf, liefde vir die berge en die versorging van haar pragtige huis, wat sy in Clarens, in die Vrystaat, laat bou het. Mej. Holtzhausen kom uit 'n onderwysgesin, waar haar twee broers ook onderwysberoepe bekleed. Haar vader, wat ook skoolhoof was, is haar daaglikse besieling, alhoewel hy

reeds meer as 20 jaar oorlede is. Haar ouma aan vaderskant was die eerste dameshoof aan die grootste sendingskool in die Boland gedurende die vorige eeu. Haar tante aan vaderskant is die welbekende mev. A.E. Carinus-Holtzhausen. In 1912 het laasgenoemde 'n goue medalje verower vir die beste graadstudent in die land, in die vakke Grieks, Latyn en Engels aan die Victoria-kollege.

Ons geliefde juffrou Holtzhausen is 'n uitbinker onder die uitblinkers. Sy stel vir ons 'n navolgenswaardige voorbeeld en 'n mens sal baie ver moet soek om weer so 'n hoof te kry, wat nie alleen streng is wanneer dit nodig is nie, prys wanneer haar Affies dit verdien nie, maar sy is ook een wat 'n humorsin besit, enig in sy soort.

Sanette Steyn.



Besoek aan Griekse Kulturfees by

R.A.U.



'n Groepie Affies saam met Griekse kinders in nasionale drag.

Veertien St. sewes in 'n Kombi geprop

Jaag oor die bulle dat ons almal so hop

By die "varsity" aangekom

Word daar om die uitstallings saam-gedrom.

Hier 'n lag en daar 'n sug

Almal wil hul menings lug.

En toe, onder begeleiding van 'n bou-zouki se klank

Dans die Grieke die heel middag lank.

Die kospotte roep,

En die hele groep

Staan nader om die Griekse disse te beproef.

Na 'n heerlike middagmaal, Het ons, so terloops, in die gange ver-dwaal

Na al die foto's en 'n woedende Griek

Voel ons almal heeltemal siek

En dis terug na die teater vir danse en musiek.

Maar, helaas, die Zorba was nie vir ons

En, met 'n onderlangse gegons

Is ons terug na die Kombi. . .

Pretoria, hier kom ons!

Toespraak namens leerlinge by Mej. E. Muller se afskeid

Geagte Juffrou Muller,

Ek wil vandag namens al die leerlinge van die skool, en veral namens dié leerlinge wat die voorreg gehad het om by Juffrou Muller Biologie te kry, probeer dankie sê vir alles wat Juffrou vir ons gedoen en beteken het. Ek moet erken dat dit vir my baie moeilik, indien nie onmoontlik, is om in 'n paar woorde te sê wat ek graag sou wou sê. Ek glo nie ons dank en waardering sal ooit deur 'n paar sinnelose woorde uitgedruk kan word nie.

Ek wil net graag sê dat dit 'n besondere voorreg was om by Juffrou Muller in die klas te kon wees. Iemand wat nie Biologie neem, mis iets in die lewe, maar iemand wat nie by Juffrou Muller was nie, mis nog meer. Juffrou Muller was nie net 'n onderwyseres wat 'n leerplan aan die kinders oorgedra het nie, maar sy was iemand wat by elkeen van ons 'n waardering vir die kleiner dingetjies in die lewe gekweek het en daarvoor sal ons vir ewig dankbaar wees, want dit is iets waarvan niemand 'n mens kan beroof nie.


Biologie is op sigself 'n interessante vak wat die wondere en verskeidenheid van die lewe insluit en dit het Juffrou Muller met toewyding en entoesiasme aan haar leerlinge oorgedra. Juffrou Muller het ook baie kinders geprikkel om in 'n wetenskaplike rigting te gaan.

Iets wat my altyd geamuseer het, is die manier waarop Juffrou Muller ons aandag kon kry, iets waaroor baie min ander onderwyseresse eintlik kan spog. Haar geheim het daarin gelê dat sy die moeilike begrippe met die alledaagse voorgestel het wat vir elkeen be-

kend is. Sy het ons ook geleer om onself met die wondere en verselwig. Ek dink aan die dag toe ons soos voëls in die klas moes "rondvlieg", of dié dag toe een van die kinders bo-op 'n bank moes demonstreer hoe 'n padda swem.

Juffrou Muller, ek wil Juffrou verseker dat, waar ons ooit in die natuur mag beweeg en die wondere van die lewe om ons waarneem, ons gedagtes onwillekeurig sal terugkeer na Juffrou se biologieklas. Ons sal Juffrou nooit vergeet nie!

Sariza Potgieter



Susan Brink Affies se kulturele uitbinker.

Ons sê dankie, Mnr. Teichler!

Namens die skool wil Stroom-op Mnr. Teichler baie hartlik bedank vir die diens wat hy gelewer het tydens die termyn wat hy as waarnemende hoof in die plek van Mnr. Roesch opgetree het.

Aan die pas wat Mnr. Roesch daargestel het, kon ons geen verdrag bemerk tydens Mnr. Teichler se bewaamning nie. Ons sê vir u baie dankie vir u belangstelling, moeite en opoffering en ons wens u sterkte toe vir die jaar wat voorlê.

Redakteur.

Die kultuurlêwe van Affies is verryk met die skenking van 'n wisseltrofee deur raadslid en mevr. Botha aan A.H.M. Dié trofee word jaarliks aan die dogter wat die grootste bydrae op kulturele gebied gelewer het, toegeken.

Op die prysuitdelingsaand op Vrydag, 28 November 1977, is die trofee aan Susan Brink vir haar kulturele prestasie oorhandig.

Benewens die feit dat Susan voorsitter van die Afrikaanse debatsbestuur is, het sy ook in die Noord-Transvaalse Jeugkoor gesing. Verder het sy ook op die Afrikaanse-Engelse kunswedstryde met 6 goue medaljes, 2 diplomas en 12 goue sertifikate in die instrumentale afdeling weggeloop. Sy het ook saam met Nushin Elahi aan die Pretoria Drama Festival deelgeneem.

DIE TIER IN ONS TENK

GINSBERG'S

DIE FAMILIE WINKEL
VIR AL U
BENODIGHEDE

Bronkhorststraat 219 Nu-Muckleneuk
Tel. 78-3211



STROOM-OP GESELS MET JUF HOLTZHAUSEN



Juf. Holtzhausen het groot geword op 'n klein dorpie aan die oewer van die Valsrivier, Lindley. Sy het 6 ouer broers gehad en haar pa was 'n uitmuntende onderwyser en 'n baie besondere mens. Sy skryf haar vrolike lewensiening aan haar gelukkige kinderdae toe. Net so tussen hakies: Danie Craven kom ook van Lindley in die goeie ou Vrystaat.

Wat dink juffrou van dr. Holtzhausen.

Ja, ek het al baie van die leeswerk gedoen en ek sal seker my doktorstesis skryf as ek afgetree het.

Wat gaan juffrou doen as juffrou afgetree het?

Ek wil in my huis in die berge gaan woon waar mens kan dink en deurdring tot die wese van dinge.

Ek is dankbaar dat ek so lank die mens in die stad kon bestudeer en ek hoop dit sal vir my gegun word om dit wat ek in my voorraad-

kamers opgeberg het neer te skryf.

Kry Kenossie nagereg?

Nee, maar Kenossie eet al my vleis op. Hy kan sy oë so vierkantig maak as hy by jou pleit. Een aand was die weer swaar en toe ek wakker word lê iets styf teen my

rug met sy poot vertroulik op my skouer. Niemand anders as Kenossie nie!

Wat beoog juffrou om nog op Affies te bereik voor juffrou aftree?

Ek wil eerstens my dogters se belangstelling in drama prikkel. Dit is my lewensideaal dat as ek eendag deur die blou hekke stap daar 'n kleintheater op ons skoolgrond sal wees. Ek wil ook dogters in St-6 al identifiseer en skrywers kry om met hulle te gesels en hulle werk te kritiseer. Ek beoog ook om 'n kring vir filosofie vir my senior dogters te stig.

Hoekom het juffrou na Affies gekom?

Ek het eintlik nie eers geweet van Affies nie totdat juf. Steyn vir my 'n brief geskryf het en 'n pos aangebied het. Ek het gedink dis 'n goeie plan en wel, nou's ek hier.

Wat dink juffrou is die invloed van TV op die jeug?

TV het maar dieselfde invloed as alle ander media soos bv. die radio, tydskrifte, koerante ens. Ek glo in die jeug en ek glo hulle sal op die lange duur kan onderskei tussen goed en sleg.

Wat irriteer juffrou die meeste?

Wag laat ek dink . . . O ja, 'n langdradige persoon wat dag vir dag al sy ellendes op jou kom uitstort.

Is juffrou tevrede met Affies in die algemeen.

Ja. Mens moet net oppas dat mens nie stagnant word nie. Daar is baie dinge wat nog moet verander maar soos ek al baie gesê het die personeel en Affies voor ons het deur hard te werk vir ons 'n mooi skool gegee en ons moet dit bewaar.

Heg juffrou enige sentimentele waarde aan juffrou se rooi hare

JAAA. Al die beroemde mense van die wêreld het rooi hare gehad. Churchill, Cleopatra, Bernard Shaw . . .

Dink jy nie ons verkeer in deurligtige geselskap nie?

Ek kan onthou dat ek as 4-jarige dogtertjie baie ernstig gebid het dat my hare moet ophou om rooi te wees en nou is ek nogal bly dit het nie gewerk nie. Ek sê altyd ek is nou oud genoeg om te sê wat ek wil en buitendien is my hare nog rooi so ek kan dit doen waar en wanneer en vir wie ek wil.

Wat dink juffrou moet die verhouding tussen 'n onderwyseres en 'n leerling wees?

Ek beskou dit soos ek enige ander verhouding tussen medemense beskou. Daar moet liefde en deernis wees. Veral die verhouding tussen 'n onderwyseres en 'n dog-

ter het baie positiewe elemente want dit is in die wese van 'n vrou om lief te wees vir kinders. Onderlinge vertroue en liefde is nodig maar ook baie belangrik 'n sekere afstand. Die vereiste vir 'n geslaagde onderwyseres is 'n lewendige en sprankelende sin vir humor.

Enige terugblikke op juffrou se hoërskooldae?

Ja, my vakke was Afrikaans, Engels, Wiskunde, Skei-nat, Geskiedenis en natuurlik Latyn. Ek het wonderlike Latyn- en Engelse onderwysers gehad en daarom het ek ook hierdie vakke gekies om verder mee aan te gaan.

Het juffrou enige posisies beklee?

Ons was slegs 13 in die matriekklas en ons het nie soos nou 'n hoofmeisie en hoofseun gehad nie. Ek was egter klaskaptein, voorster van die Engelse en Afrikaanse debatsbesture en ek dink die biblioteek was min of meer onder my.

Het juffrou toe van juffrou se skoolhoof gehou?

Die een hoof was 'n baie slim, donker aantreklike man ek ek het baie van hom gekou. (Sien, ek het daardie tyd al 'n oog vir 'n mooi man gehad). Die ander hoof was 'n verwaande, bombastiese man wat almal laat verstaan het hy is hoof. Ek het nie van hom gehou nie.

Hoekom het juffrou juis onderwys gekies?

As ek baie eerlik wil wees moet ek sê dat ek reeds besig was met my M.A. in Latyn toe ek gesê het ek weet nie wat wil ek word nie, maar ek weet een ding, ek wil nie 'n onderwyseres word nie. Ek wou joernalistiek doen maar die redakteur van 'n koerant het my afge-raai en ek was nog nooit spyt nie. As ek weer kan kies sal ek onderwys kies.

As juffrou ander poste aangebied word, sal juffrou dit aanvaar?

Ek moet in alle beskeidenheid sê dat ek reeds in my tweede jaar as hoof 'n pos as inspektre aangebied is. Ek is ook poste by universiteite aangebied maar ek stel nie belang nie.

Wat is juffrou se gunsteling T.V. program?

Party TV-programme is uitgesproke "robbies" maar daar moet humor en so 'n bietjie spanning in 'n program wees. Blitspatrolie se Regan bo!

So van blitse gepraat, hou juffrou van weerlig?

Ek hou van weerlig en donderweer. Langenhoven het gesê: "Die Vrystaat is net gemaak vir geelperkes en donderweer". Ek is ook glad nie bang vir weerlig of blitse nie.

Affies se Krugerdagvierings

Op 5 Oktober het die Afrikaanse Hoër Meisieskool en die Afrikaanse Hoër Seunskool weer eens hul gesamentlike Helderdagvierings gehou.

Ons was hierdie jaar besonder bevoorreg om die Minister van Buitelandse Sake, Mnr. R.F. Botha, as hoofspreker te hê. In haar verwelkomingswoord aan die minister, het Mej. Holtzhausen gewys op die groot bydrae wat Mnr. Botha lewer om ons land se saak in die buiteland te stel.

In sy toespraak het Mnr. Botha gesê dat hy wil praat met ons hedendaagse helde en met die helde van die toekoms, dit wil sê, oor ons. Hy het daarop gewys dat waar die skoliere van vandag baie beter fisiese geriewe het, daar ook veel groter eise aan hulle gestel word as aan vorige geslagte. Dit hang nou van elke individu af of hy die uit-

daging van hierdie tydperk gaan aangryp en elke oomblik sal benut om kennis in te win, want kennis is die wese van die mens in sy drang en soeke om voort te bestaan. 'n Leemte in die kennis van een enkele individu slaan 'n bres in die skanse van hierdie volk.

Die minister het ook terloops gemeld dat Suid-Afrika seker die mees gedissiplineerde onderwyskorps in die wêreld het.

Hy het ook 'n prentjie geskilder van die wêreld waarin ons lewe. Die wêreld sak op ons toe en ons is gemerk as prooi. Dit is egter nie nodig dat ons ten prooi val nie.

Verder het min. Botha gesê dat ons nie die buitelandse beeld moet


nastreef nie, omdat dit 'n verkeerde beeld is. Die buitelandse invloed op Suid-Afrika is ten slegste. Ons moet ons normes en sedes behou, en nie laat verswak nie.


Die belangrikste punt in die minister se toespraak was dat ons, ons tyd op skool maksimaal moet benut. Ons moet skouer aan die wiel sit en leer. Kennis is die enigste manier om ons land te bewaar.

Na die minister se toespraak het die tamboernoointjies, begelei deur die kadetorkes, 'n indrukwekkende vertoning gelewer. Die vlag is gehys onder begeleiding van die blaasorkes.


Daarna het mnr. Teichler die bedankings gedoen, en die verrigtinge is afgesluit.

Francois Bezuidenhout.





Meisieshoër se drompoppies en seunshoër se kadetorkes op Krugerdag.



Drilpeleton

Die drilpeleton het vanjaar onder mnr. Pretorius gefunksioneer en het bestaan uit 23 matrieks en 2 standerd neges.

In Augustus begin ons met alle erns elke middag van Maandag tot Donderdag oefen tot en met 8 September. Op 10 September neem ons deel aan die Pretoria streek-kompetisie en wen die Oos-afdeling. Affies as geheel eindig eerste, d.w.s. Affies het die beste kadetafdeling in Pretoria.

Hierna oefen ons slegs twee keer per week a.g.v. die naderende eind-eksamen. Aan die begin van Oktober kom help korporaal Quintinn v.d. Westhuizen ons met afrigting en 'n merkbare verbetering word opgemerk.

Op 15 Oktober word die Noord-Transvaal komandementkompetisie gehou te Brits. Die gevolge van die matriekafskied van die vorige aand is duidelik te bespeur in die Affies se vertoning. Nogtans word Affies as geheel aangewys as die beste kadetafdeling in Noord-Transvaal.

Aan almal wat deel gehad het aan die sukses wat die kadette vanjaar beleef het, veels geluk en baie dankie vir al die verdraagsaamheid en opofferings. Ook 'n hartlike dankie aan Mnr. Pretorius vir sy opoffering.

Dirk de Bruyn.

Kadetorkes

Soos almal weet het die kadetorkes baie hard ge oefen gedurende die jaar met die oog op die jaarlikse kompetisie wat op 24 September beslis sou word.

Met groot verwagtinge het ons die 24ste September na Hoërskool H.F. Verwoerd afgesit. Nadat ons aangekom en aangetrek het, het inspeksie plaasgevind waar ons 79% behaal het. Ons het vyfde opgetree en met 'n powere poging vorendag gekom, wat ons net-net eersteplek besorg het. Dit was egter die eerste keer in omtrent veertig jaar dat Affies hierdie prestasie behaal en ook maar die tweede keer dat 'n Afrikaanse skool wen. Tweede was Silvertown en derde Hillview.


In die individuele items het ons puik presteer. Ons tamboermajoer het hom onderskei deur 90% te behaal. Christiaan Malan is aangewys as die beste beuelblaser in Pretoria.

Op die 15e Oktober het ons aan die Noord-Transvaalse komandementkompetisie op Brits deelgeneem. Na 'n puik optrede het ons die welverdiende vrugte van ons harde werk gepluk. Gert Burger word aangewys as die beste sytamboerlaner in Noord-Transvaal en Christiaan Malan as die beste beuelblaser. Die dromseksie behaal 'n algehele tweede plek, die trompetseksie ook 'n tweede en die beulseksie 'n derde plek.

As geheel kom die orkes derde, die eerste keer in die geskiedenis dat Affies onder die eerste vyf eindig.

Ons het 'n baie suksesvolle seisoen agter die rug en ons bedank graag Majoor Polen, Sersant Welch en Korporaal v.d. Westhuizen vir hulle hulp. 'n Groot woord van dank aan Mnr. en Mev. Booysen wat baie opgeoffer en baie moeite gedoen het.

Theo Kleynhans



TOTSIENS OOM ANDRIES



Na drie-en-dertig jaar van getroue diens moet Affies afskeid neem van 'n man wat baie diep spore in die geskiedenis van ons skool getrap het, en wat nog lank onthou sal word as 'n groot opvoeder.

Nadat Oom Andries op Stander-ton gematrikuleer het, het hy sy universiteitsopleiding op Potchefstroom ontvang, en het op 16 Januarie 1945 by Affies aangeland.

Destyds was die huidige biblioteek die skoolsaal en die dakbalke wat in die vorm van 'n ??? geloop het, het by Oom Andries 'n eerste indruk van krag en sterkte geskep. Daar was net mans op die personeel en wat vir Oom Andries snaaks was, was die teruggetrokkenheid van die jonger mans. Die leerlinge is vir Oom Andries vanaf 1945 tot vandag nog altyd dieselfde.

Behalwe vir die groot werk wat Oom Andries in die klaskamer verrig het, was hy ook 'n kranige sportafrigter. Met sy in intrapslag by Affies in 1945 het Oom Andries se jukseispan die Transvaakse kampioenskappe gewen. In 1946 het hy die 5e en 6e rugbyspanne aigerig, en twaalf van sy spelers is daardie jaar gekies vir die Noord-Transvaalse O/16-span. Oom Andries het ook aan die hoog gestaan van die kadette en veral die skyfskiet vanaf 1949.

Oom Andries het homself ook in

die klaskamer bewys as 'n groot opvoeder. In die geskiedenisklas was Oom Andries baie suksesvol. In 1976 was daar 23 onderskeidings uit 'n groep van 57, en in 1957 tydens die publieke eksamen 18 onderskeidings. Persone soos minister Hendrik Schoeman, Proff. Marius Wieggers, Nico Wieggers en Van der Stoep, Regter Van Dyk, talle advokate en prokureurs, predikante en skoolhoofde. Oom Andries se nuwe skoolhoof by Wonderboom, mnr. Schutte, was ook een van sy leerlinge.

In Junie 1952 kry Oom Andries inflammasie in sy keel, maar nogtans gee hy skool tot Oktober, toe hy genoodsaak was om vir ses maande uit die skool te bly. Drie maande voordat hy deur die dokter toegelaat was om op te staan, was hy terug in die klaskamer. Die Affies ken Oom Andries vandag nog as iemand wat nie stuit vir 'n koei wat op sy toon trap nie, en ook is hy 'n man wat nie terugstaan as vier Swartes hom aanval nie.

Iets wat Oom Andries graag by Affies sal wil sien, is 'n groter distansieëring tussen seniors en juniors. Hy is van mening dat

segregasie tussen die twee groepe 'n invloed op die gees van die skool het.

'n Laaste wens van Oom Andries aan elke Affie: Maak ons skool se leuse jou leuse wat jy jou lewe in-dra. Behou die ewewig en stel jou prioriteite reg sodat jy met volle verantwoordelikheid en oorgawe jou lewensroeping sal vervul tot heil van jouself, jou medemens, jou Vaderland en jou Skepper. Weet dit: Jou Skepper hou in die dae van voor- en teenspoed Sy hand oor jou uitgetrek. Behou die Geloof en hou goeie moed, verafsku wat sleg en verkeerd is en hang die goeie aan. Totsiens.

Oom Andries, met 'n swaar gevoel in ons hart neem ons afskeid. Dit is moeilik om afskeid te neem en dankie te sê.

Ons sê net baie dankie, bai sterkte!

Stil broers, daar gaan 'n man verby . . .

Ons hartlike gelukwensing ook aan Mnr. De Vos en Mnr. Wiedeman wat, net soos Oom Andries, aangestel is as Departementshoofde. Ons wens u sterkte toe vir die jaar wat voorlê.

Skyfskiet

Kon daar tog nie maar 'n Administrateursbeker vir skyfskiet gewees het nie? As daar een was, dan was hy vanjaar by Affies. Daar is twee redes hiervoor: Ons het so goed gevaar in die kompetisies dat ons nie hoër kon gaan nie, en boonop was die kompetisie van Administrateursbeker-gehalte.

Op 14 Oktober het die junior skietspan, bestaande uit 6 lede, en een senior stut, Frederik Botha, gaan deelneem aan die Noord-Transvaalse Kommandementkompetisie op die Bisley-skietbaan anderkant Brits.

Ons het 6-uur die oggend daar aangekom en terwyl die ander spanne senuweeagtig in groepies gestaan en taktiek bespreek het, het die Affies hulle komberse uitgehaal en geslaap.

Ten spyte van die ietwat ongewone skietbaan en die ligte windjie wat gewaai het, het die Affies goed presteer. Jaco Krynaauw is aangewys as die beste individuele skut met Schultz kort op sy hakke tweede. In die geheel het Affies die kompetisie gewen en voorbereiding is begin vir die Transvaal Kommandementkompetisie. 'n Lid van die Weermag se skietspan, Sersant-Majoor Hoffman, het kom help met militêre afrigting.

Die dag van die kompetisie het aangebreek en ons het vroeg die oggend by die skietbaan in Boksburg aangekom. Hier was die

omstandighede vir skyfskiet nie so gunstig nie. Dwarrelende rukwinde het stof in ons oë gewaai en ons is heeltyd deur 'n Majoor oor 'n luidspreeker beskreeu. Die Affies het maar net gaan lê en begin skiet.

Ons het nie so goed geskiet as wat ons geweet het ons kan nie en ons was nie baie hoopvol oor die uitslag nie. Toe die uitslag gelees word, verneem ons egter dat ons die hoogste telling opgesit het van al die junior sowel as senior skietspanne wat deelgeneem het. Daarbenewens was die vier beste skuts alvier Affies, en Bennie Kieser was eerste met 'n uitstekende 93%. Dit beteken dat Affies die beste junior skietspan in Transvaal het en dat die vier beste skuts in Transvaal alvier Affies is. Ons sê baie geluk aan Bennie Kieser, Jaco Krynaauw, Anton Naudé, André Schultz, Hendrik Venter en Johan Havenga, vir 'n puik prestasie.

Baie dankie aan mnre. Grobbelaar en Van Staden en Sersant-Majoor Hoffman wat baie opgeoffer het en wat ons bygestaan het.



Sportman van die Jaar – Fiedie du Toit



Johannes Roeloff (Fiedie) du Toit is 'n sportman wat sy veelsydigheid getoon het deur in meer as een sportsoort 'n hoë sport te bereik, en daarom is hy tereg gekies as Sportman van die Jaar vir 1977.

Met sy intrapslag by Affies in st. 9 het hy reeds sy vernuf met 'n tennisket getoon en het hy sy plek in die eerste span losgespeel. Hy het al Noord-Transvaal sowel as Oostelike Provinsie-kleure verwerf. In 1976 was hy lid van die span wat Affies oorsee verteenwoordig het en vanjaar het hy 'n groot bydrae gelewer om die Administrateursbeker weer na sy ou tuiste te bring.

Alhoewel Fiedie nie juis baie aandag aan ander sportsoorte gegee het nie, het hy later begin rugby speel, en dit was nie lank nie toe draf hy vir die eerstespan as vleuel uit. Ook hier het Fiedie sy staal gewys en het hy menige gedugte teenstanders in die stof laat byt. Ook op die atletiekbaan was Fiedie 'n uit-

bliker. Hy was lid van die atletiekspan en was baie punte vir sy span werd as naellooper.

Buiten sy goeie sportprestasies is Fiedie ook 'n bekwame leier. Hy was skoolprefek en ook onderhoofseun van die koshuis. Fiedie se veelsydigheid op sportveld sowel as leierskap is bekroon toe skool-erleure vanjaar aan hom toegeken is.

Fiedie is van plan om volgende jaar 'n L.O.-kursus op Port Elizabeth te volg. Daarna wil hy gaan boer.

Namens die skool wil Stroom-op vir Fiedie alles van die beste toewens. Ons weet hy sal ons naan hoog hou op die tennisbaan sowel as by sy studies.



Fiedie (met die bal) klop sy teenstander.


DANKIE, AFFIES SE A.P.K.



Paul du Plessis.



Anton Trichardt.



Klasie Wessels.

KERMIS KORRELS



GRIMERING:

Behendigheid en kunssinnigheid . . . dit moet jy hê om al die strepies en kolletjies op die mooi gesigte en velle in te kleur!

Ons kon dit met welslae doen, want met 'n hele paar honde, katjies, hansworse en skoonheidskoninginne het ons 'n totale bedrag van R11,00 ingesamel.

Met 'n heerlike kermisatmosfeer wat tussen ons geheers het, is ons bly dat ons ook ons deel kon bydra!

Flink 6B's



Ag luister man . . .



Takebeen in die wind!!!!!!!!!!!!!!



Posop vir 'n "speedwobbel".

OUMA SE KOMBUIS:

Soos verwag het talle stadsbewoners Saterdag op "Ouma se Kombuis" toegesak. Binne 2 uur was die heerlike tuisgebak iets van die verlede: Goedkoop beskuit, vars brood, melkterte, fudge en tofies en outydse konfyttertjies asook

verfrissende gemmerbier en bola het deel uitgemaak van die snoesige, egte kombuisatmosfeer v/d stalletjie!

Danksy 9A was die stalletjie een v/d treffers v/d dag!

SPOOK-ASEM

Die spookasemstalletjie wat St. 9E op die kermis aangebied het was 'n reuse sukses. Tussen al die taaiheid van die suiker het die kinders aangestroom om hulle te verlustig in die pienk asempies wat tog so gou in 'n mens se mond verdwyn! 'n Groot bedrag is ingesamel en ons hoop dat "persone" wat op 'n strenge dieet was nie te veel gewig opgetel het nie!?

FLIEK!

Lang, hartseer trane het gerol toe die rolprent "Far from the mad-ding crowd" die Saterdagmiddag na die kermis in die saal vertoon is. Ja, baie se gemoedere het hoog geloop en selfs die "broeders van oorkant die straat" was nie daarteen bestand nie!



Ai-Ai-Ai . . .

Matriekafskeid.

Dit gebeur elke jaar – maar elke jaar anders. Dit het vanjaar weer gebeur; anders as vantevore, maar in een opsig dieselfde – 'n monumentale moment wat kop en skouers uitstaan bo die prosaïese alledaagse. 'n Grootse gebeurtenis om 'n unieke tydperk mee af te sluit.

Die aand wat toe die skakel tussen verlede en toekoms was, is nou deel van die verlede, en die aand wat as simbool dien van die afsny van die naelstring van 'n matriekgroep hoort nou tussen al die ander stofbelaai elemente in die argief van die brein.

Maar tog is dit anders; deur al die jare heen het die matriekafskeide uitgestaan soos puisies op 'n marmermadonna se wang. En so sal dit wees. 'n Grootse aand van simboliese spening. 'n Aand wat nooit stofbelaai sal word in die argiewe van die geheue nie.

Vyf jaar lank was Affies ons s'n. Maar dan, midde in die vyfde jaar word daar skielik 'n afskeid gehou vir die matriek – 'n afskeid nog voordat hulle afgeskei het. Maar dit is reg dat die oues uitgeskop word om plek te maak vir die nuwes. Waar die oues volgende jaar nuwes is, was dit lekker vir die oues om vir eens eregaste te wees. En die oues sê vir die nuwe oues baie dankie vir die matriekafskeid. Ons het dit geniet.

Danspassies in 'n "tin foil"-doos, semi-formeel geklee op 'n ander planeet – dit was wat die matriekafskeid behels het – maar dit is oorleef. Ook dit wat daarna gevolg het. Vir die standerd neges wil die standerd tiens baie dankie sê vir die oefening in eenvoud.

In geheel was die matriekafskeid 'n weergalose gebeurtenis 'n grootse gebeurtenis. Waar die matrieks nou verval in diepe filosofie oor hul almamater, is hulle dit eens dat dit lekker was om 'n Affie te kon wees, en waar ons nou die geëerde gallery van Oud-Affie wees betree wil ons almal bedank wat ons Oud-Affies gemaak het. Ook vir die skeppers van die simbool.

En so het dit dan gebeur – die aand en môre van die matriekafskeid is nou een dag in die verlede. Eendag sal die matrieks van 1977 vir hulle kinders kan vertel: "Op 'n dag (nog), lank, lank gelede, was daar 'n matriekafskeid".

Piet Louw.
Uitredende matriek.

'N Matriek sê vaarwel



Matriekafskeid 1977.

Op 30 September 1977 het die son vriendelik en ongeërg oor Pretoria se rantjies geloer – al asof hy nie wis van die ± 145 Matrieks van die Afrikaanse Hoër Meisieskool wat sy koms met blydschap en verligting aanskou het nie. Slegs die poeletjies water wat blinkoog in die son lê en loer het en die frankreuk van nat onkruid het getuig van die vorige paar dae se reën en koue. Om heeltemal eerlik te wees – dit was 'n perfekte dag – die dag van die Matriekafskeid.

Verby was die spanning en die oneindige optogte stad toe om die laaste nodige blommetjie of kantjie te koop. Al die "kort kennisgewing blind dates" wat gereël moes word, is gereël en menige Matriek het nog vir oulaas 'n pomelo en 'n glas water vir ontbyt gehad voordat sy weer die ou paadjie na die skaal geloop het – net om seker te maak.

By die skool het daar 'n opgewonde stemming geheers. Selfs die sesse het met groot oë na Matrieks wat met 'n wag-maar-ek-sien-julle-vanaand houding rondgeloopt het – gestaar, al asof hulle iets bonatuurliks van die Matrieks verwag het. Om elke hoek en draai het jy jou in 'n bos Ivy's met 'n moeë standerd nege daaragter vasgeloopt en op so 'n dag het 'n mens maar jou oë vir die "oop knopies" en die rooi toonnaels, wat vriendelik tussen die seepskuum in die kleedkamer deurgeloer het, gesluit. Toe het die klok gelui. Dit was elfuur, en die Matrieks kon huis toe gaan...



Wat tussen elfuur die oggend en halfagt die aand met die Matrieks gebeur het, weet ek nie, maar wat

ek wel weet, was toe die son vriendelik en ongeërg agter Pretoria se rantjies wegraak, was dit nog steeds 'n perfekte dag. En boeta, die atmosfeer was daar. 'n Mens kon dit voel – dit was hier om jou hart, dit was in die tuin om jou, dit het sulke bokspronge op die groot tent se wit en blou strepe gemaak. Soos Gatiëp gesê het: "Vanaand gaat ons sports maak." En die aand het soos 'n groot seepbel gelê en wag om aangeblaas te word.

Ons het eers ons metgeselle aan Juffrou Holtzhausen, Mev. Boardman, Mev. de Wet, juffrou Hönck en Die Diskusgooier voorgestel en dit was toe glad nie so erg soos wat ons voorvaders (moeders?) voorspel het nie. Ekskuus... het ek dalk Die Diskusgooier by die eregaste gevoeg? Dis ook nie altemit nie want die Griekse beelde in die voorportaal was so realisties geskep dat ek amper my metgesel aan Die Diskusgooier gaan voorstel het as dit nie vir 'n behulpsume vriendin was wat my aan my uitrusting beetgekry het en my die swye opgelê het nie.

Toe het ons in die saal gekom. Dit was pragtig. Julle kan almal daarvan getuig, siende dat julle dit die Maandag na die tyd gesien het. Dit was egter in die aand, dat die moeite, sorg en talent van die neges tot sy reg gekom het. Ons wil graag die neges bedank vir die dowwe beligting wat hulle in die saal aangebring het en ons hoop en glo dat die Matrieks van volgende jaar en die jare daarop, ook die voorreg sal hê om die beligting so 'n klein bietjie te verdof op hulle afskeid? Die neges het vanjaar bewys dat selfs dowwe beligting in goeie smaak gedoen kan word.

Ook die rooi lig agter die Parthenon was uiters effektief veral met die orkes op die voorgrond. Met so 'n klein bietjie verbeelding kon 'n mens jou voorstel dat dit die Akropolis was, met die Parthenon op die agtergrond en Diana se Maagde op die voorgrond wat 'n loflied aan die gode bring. (As 'n mens "I hate the Music" 'n loflied kan noem?)

Ook die klein opelug restaurant het slegs van die beste smaak en sorg getuig. Die bekende ou skoolbanke van Buitekamer een tot tien was pragtig vermom met guitige rooi tafeldoekies. Verder was kerse te midde van die smaaklike soute-happies en bola op die tafels geplaas. En raai, selfs die harde ou skoolstoel het ook toe heel gemaklik gesit!

Ons was ook baie bevoorreg om 'n baie sjarmante gasvrou nl. Mev. Nel te hê. Nadat sy en Karien die "ganse" toegespreek en verwelkom het, was die Matriekafskeid van 1977 amptelik geopen. Toe het die Matrieks begin dans – en kon hulle dans! Ek sê vir julle, Arthur Murray se voordanser het maar sleg afgesteek teen onse Matrieks. Louise en Charl het die storie só bekyk, en woerts, was die sandale uit, hand om die lyf, en daar gaan hulle. Al wat ek vir die res van die aand van hulle gesien het was Louise se pienk rokkie en skewe krulstertjie wat voor die statige Griekse pilare verbygeflits het.

Susan en haar Piet het besluit om dit eers maar kalm te vat en het doodbedaarnd en vriendelik teenoor mekaar gestaan en draai, of skud, of iets. Te oordeel aan Susan se rooi wangetjies en Piet se blink oë het hulle dit darem geniet. Fearika en Nolene het hulle metgeselle stewig onder die linkerarm vasgeknypt en toe so 'n vinnige paar draaie op die stoep gemaak voordat hulle weer by die saal inge-

swaai het. Verder het Kelsey (waar kry jy daardie pragtige rok?) en haar Leon heel oulik ge-"two-step", Lizzie se skoene het haar gedurende "American Patrol" gedruk en Juffrou Hönck gedurende "The Last Waltz" opgemerk: "If music be the food of love, play on!"

Toe het die etenskloukie gelui. Ons het die tent binnegestap en ons kon met alle eerlikheid sê dat dit ons stoutse verwagtinge oortref het. Ons het ons ewe skielik in 'n tipiese Griekse restaurant bevind. Die effek was nog verder verhoog deur die Griekse musiek wat saggies in die agtergrond gespeel het.


Die tafels was in vier lang rye gerangskik en met growwe sak tafeldoekie bedek. Broodrolletjies en brode was heel informeel op die tafeldoekie tussen die eetgerei, gerangskik. Verder was die tafels versier met blomme rangskikkings en uitbeeldings van die Griekse vlag. Ook die spyskaart was in Grieks gedruk en ons het maar oë toegeknypt en gesmul aan die heerlike disse. Dit was blykbaar nie al waaraan ons metgeselle gesmul het nie want ek het menige jong man se oë verlangend sien draai na die oulike Griekse kelnerinnetjies wat almal duidelik met hulle knap bediening en vriendelikheid beïndruk het.



Helaas, die aand was amper om. Ons het nog 'n rukkie gedans en toe was dit twaalfuur en tyd om Juffrou Holtzhausen met haar verjaarsdag geluk te wens. Onder begeleiding van "Happy Birthday" het Karien die ruiker oorhandig en toe was dit tyd vir "Sal ons ou kennis ooit vergeet?"

Miskien, miskien nie. Maar ek is seker dat ons nie die Matriekafskeid sal vergeet nie. Juffrou, stan-

derd neges en al die betrokke ouers by die afskeid, baie dankie. Ons wil nie ingaan op onnodige bedankings nie want dit gaan ons opregte dankbaarheid afwater. Al het dit nie miskien altyd so gelyk nie – 'n mens is maar senuweeagtig met jou held om jou sy – het ons die Afskeid geniet. Dit was waarlik 'n hoogtepunt in ons lewens. En vir ons metgeselle kon ons net sê: "Good night, good night! Parting is such sweet sorrow, that I shall say goodnight ere it be morrow."



'n Terugblik op die jaar



Spikes neem oor!




Pale Toe!




Kleintjie skôr!



Besoek Sterns!




En dit Anton?




N-u-u-u-h Vic!



Koshuis Bo!



Die donker.



Wat het ons hier?

ADMINISTRATEURS BEKER WEER BY AFFIES

Soos in die verlede het Affies weer vanjaar 'n briljante jaar op die gebied van tennis beleef. 'n Feitlik ongeëwenaarde rekord is deur ons skool se tennisspelers daargestel, waarop nie maklik verbeter kan word nie.

Die Administrateursbeker is weer terug by sy ou tuiste. Nadat ons verlede jaar in die finaal teen King David verloor het, het ons spelers weer reggeruk en alles voor hulle platgeloop.

Die eerste span het die Pretoria-kring gewen na 'n naelskraapse oorwinning oor ons eie tweede span. In die semi-finaal van die Noord-Transvaal streek wen ons Rustenburg maklik met 8-0 en in die finaal op Pietersburg wen ons Capricorn 8-0 om sodoende die Noord-Transvaalse kampioene te word. In albei die wedstryde het die span bestaan uit Freddie Sauer, Henk Basson, Tiaan Viljoen en Danie Visser.

In die semi-finaal van die kompetisie het ons die hoërskool Wesvalia, met drie provinsiale spelers in hul geledere, op Klerksdorp gaan pak. Ons het die wedstryd 5-3 gewen en dring sodoende deur tot die finaal vir die Administrateursbeker.

Ons het toe te staan gekom teen Parktown Boys High van Johannesburg, wanner van die Suid- en Oos-Transvaalse streek. Alhoewel die pers Affies nie 'n kans gegun het om te wen nie is ons eerste span vol vertroue weg uit Pretoria op die 24e September. Op Ellispark het die poppe egter gedans, want Affies se Fiedie du Toit, Freddie Sauer, Jakobus Jordaan en Johnny Sauer was in 'n verwoestende bui. Affies het alles voor hulle skoongevee en die wedstryd met 8-0 gewen, - 'n groot prestasie as in ag geneem word dat ons meegeding het teen die tweede beste span in Transvaal. Graag wil ons hierdie span namens Stroom-op gelukwens met hierdie puik prestasie. Ook in die gemengde liga saam met Meisies Hoër het die bo-

ouderdomspanne sowel as die onder-ouderdomspanne skoon-skip gemaak.

Graag wil ons Johnny Sauer, wat die Bo-15 enkelspeltitel gebuit het, en Jean van Resenburg, wat die onder-15 enkelspeltitel gebuit het, gelukwens. Veral Johnny het strawwe kompetisie gehad maar met puik tennis het hy nogtans die pyp gerook.

Aan die einde van die jaar kan ons terugkyk oor 'n baie suksesvolle tennisseisoen. Die volgende prestasies plaas Affies ongetwyfeld aan die toppunt wat Suid-Afrikaanse skoletennis aanbetref. Wenner van die Administrateursbeker; Wenner van die Noord-Transvaalse interhoërkompetisie; vier verteenwoordigers in die Noord-Transvaalse Junior span; sewe verteenwoordigers in die Noord-Transvaalse Hoërskole-span; wanners van die Appletiser streekkompetisie in Noord-Transvaal en klop Grey Kollege, kampioene van die Vrystaat, oortuigend in Bloemfontein. Op hierdie prestasies is ons as skool baie trots en ons wens ons tennisspelers alle sukses toe vir volgende jaar. Mag die Administrateursbeker weer eens in 1978 sy tuiste by Affies vind.

Henk Basson


Hier's die gesogte administrateursbeker wat weereens sy tuiste by Affies gevind het.



MEISIES:

Die 24ste September 1977 was groot blydskap en vreugde. Affieland het die Administrateursbeker gewen. Ons vier Affies, Laetitia, Elize, Martie en ek was alreeds vroeg in die pad met Juf. Swart aan die wiel. Die heelpad Johannesburg toe was almal doodstil, gewonder wie vandag gaan wen. Dit was 'n skool genaamd Roosevelt Park teen wie ons moes speel. Teen halfnege se kant het vier senuweeagtige Affies op die baan gestap, geweet in hul harte dat hulle vandag moet wen. Ek, Elize en Martie het ons wedstryde gewen, maar Laetitia moes maar die knie buig teen hul no. 1 speler Beverley Alder. Ons was 3-1 voor. Ons wen toe die dubbels en sie daar: "AFFIES WEN DIE ADMINISTRATEURSBEKER"! Dit was 'n groot oomblik toe die Administrateur van Transvaal, Mnr. van Niekerk aan ons kapteine Martie die beker oorhandig het. Ons het 'n heerlike maaltyd gehad en vier moeë Affies is terug Pretoria toe met die beker in ons hande. Die tennis hierdie jaar in Affies was puik. Ons hoop dat volgende jaar se tennis net so voorspoedig sal wees soos hierdie jaar. Ons almal wil net dankie sê vir Mej. Swart se harde werk, opoffering en aanmoediging.
Revonne du Toit.

FIEDIE IN AKSIE



Krieket

Die eerstespan was baie ongelukkig om nie deur te gaan in die Administrateursbeker nie. Hulle moes in hulle afdeling uitspeel teen Oos-Moot wat die halfeindstryd van die Administrateursbeker gehaal het en verloor toe met een paaltjie.

In die Uitklopreeks van die skole wat nie hulle onderskeie afdelings gewen het nie verloor ons in die finaal teen C.R. Swart. Die tweede-span het deurgaans goeie krieket gespeel en buit hulle liga met gemak. Die O/15 en O/14 kon ongelukkig nie slaag om hulle ligas te wen. Anton Gerniger is ook vir die derde agtereenvolgende jaar gekies vir die Afrikaanse Hoërskole en Kobus Oosthuizen kon net nie die paal haal nie. Marius le Roux het ook 'n goeie kans om vir die tweede agtereenvolgende jaar die N.Tvlse O/15 span te haal. Daar was net drie matrieks in die eerste span die jaar en volgende jaar hou baie belofte met die uitsig dat hulle dalk die Administrateursbeker kan verower.

Die uitslae is soos volg, in volgorde gespeel, gewen, gelyk, verloor:

O/14	6 4 1 1
O/15	6 4 0 2
2de	6 6 0 0
1ste	6 3 0 3


Tweekamp

Tweekamp is 'n sport wat 1000 meter hardloop en 100 meter swem insluit.

Die Tweekamp van die afgelope jaar het goed verloop. Aan die begin van die jaar is Mathilda Bakkes, Alta Oosthuizen en Ilze Evans gekies om die Noord Transvaalse span te verteenwoordig op die Suid Afrikaanse kampioenskappe te Bloemfontein. Hulle het goed presteer en is weer gekies om dié span teen ander spanne te verteenwoordig.

Ons hoop dat ons meer belangstelling volgende jaar gaan kry van dogters wat hulle talente in altwee aktiwiteite wil kom toon.
Ilze Evans

Anton Geringer,
kaptein van die
eerste krieketskap.



Landloop

Die landloopseisoen van die afgelope jaar was 'n groot sukses. Met die pas aangestelde geesdriftige juffrou Graupner en een van die ouers as ons afrigters, kan dit nie juis anders nie.

Die meisies het baie meer belangstelling getoon as in die verlede. Dit is heelwaarskynlik toe te skryf aan die gerieflike oefentye wat opgestel is.

Aan die begin van die jaar het Meisieshoër nie juis uitgeblink in landloop nie, intendeel ons was redelik "onder" op die lys. Nou aan die einde van die seisoen met die samewerking van almal sowel as die standaard sessies, is ons nader aan die "bokant" van die lys van skole; ons het 2e geëindig saam met Oos Moot aan die einde van die Landloop-skole byeenkoms.

Baie dankie vir julle vlugtige spannees en volgende jaar is ons heelwaarskynlik heel-bo!
Ilze Evans